

# GEMEENSKAP INLIGTING

Orion Minerals

## Die Taak Span van die Prieska Myn Bosberaad se grond reëls is nou in plek.

Die Taak Span, wat gestig is tydens die Oktober 2021 Bosberaad van die Prieska Koper- Sink Myn Projek, het nou ooreengekom oor hoe dit sal funksioneer en die grond reëls daarvan is in plek. Die Taak Span het op 23 Maart 2022 by die PCZM-Myn area vergader. Die Taak Span is aangewys om die padkaart saam te stel van hoe Orion Minerals en die Siyathemba-ondernemings sal saamwerk op 'n vrywillige basis om die deelname van plaaslike besighede en indiensneming in ekonomiese ondernemings te bevorder in die Siyathemba Munisipaliteit en Vanwyksvlei area. Hierdie bepalings is die reels wat sal geld, van hoe die Taak Span sal funksioneer wanneer sy verantwoordelikhede uitgevoer word.

Die Taak Span sluit verteenwoordigers in van verskeie sakekamers en gemeenskaps organisasies binne die Siyathemba en Vanwyksvlei gemeenskappe.

### Die ooreengekome verwysing bepalings sluit in dat:

1. Die Voorsitter, 'n onafhanklike sosiale fasiliteerder, Ivan Steenkamp, is aangestel om die sake van die Taak Span te administreer;
2. Die Taak Span sal maandeliks vergader om die raamwerk en die implementering van die doelwitte te monitor en te behaal soos tydens die Bosberaad ooreengekom;
3. Die Taak Span is saamgestel uit 10 kern lede van binne die Siyathemba & Vanwyksvlei-gemeenskappe, insluitend verteenwoordigers van die sakekamers en gemeenskap gebaseerde organisasies.
4. Die Taak Span sal oor sy vordering verslag voorlê aan Orion, die Sakekamers, die Orion Siyathemba Belanghebbende Betrokkenheids Forum (OSSEF) en die Departement van Minerale en Energie (DMRE); asook
5. Orion het ooreengekom om te werk na die aspirasie doelwitte om die gasheer gemeenskap deelname van 50% in indiensneming, 30% in die aankope van goedere en dienste en 40% in sub-kontraktering geleenthede by die PCZM.

## Hoekom is die Bosberaad gehou?

PCZM het vanaf 6 – 7 Oktober 2021 'n intensiewe tweedaagse Bosberaad met gasheer gemeenskap verteenwoordigers en sakeforums by die Glen Allen-konferensie sentrum in Prieska gehou. Hierdie Bosberaad is gehou om die werks verhoudinge met gasheer gemeenskap verteenwoordigers en besigheid kamers te bevorder.

Die doel van hierdie sessies was om die myn en belanghebbendes in die gees van samewerking bymekaar te bring en om areas te identifiseer wat gesamentlik opbrengste en belonings vir alle myn belanghebbendes kan maksimeer. Die sleutel beleid imperatiewe wat bespreek is, sluit in plaaslike indiensneming en aankope en die ooreenkoms van die aspirasie doelwitte vir die gasheer gemeenskap deelname binne die volgende vyf jaar.

> *Die Taak Span sluit verteenwoordigers van verskeie sakekamers en gemeenskap organisasies binne die Siyathemba- en Vanwyksvlei-gemeenskappe in.*

Orion Minerals

# TAAK SPAN TOER PCZM

**Die Taak Span het PCZM op 23 Maart besoek om die huidige aktiwiteite te aanskou en insig te kry oor hoe die myn sal funksioneer sodra dit ontwikkel is.**

Die PCZM-Taak Span lede is ondergronds geneem om die bestaande infrastruktuur te besigtig en het later ook deur die kern skuur getoer waar hulle die eksplorasie boor monsters kon sien.

Besoekers kon die ondergrondse eksplorasie boorwerk sien wat tans deur Murray & Roberts uitgevoer word om te bevestig of daar genoeg koper- en sink erts bo die water onder in die myn is.



**TAAK OP HANDE:** Die PCZM Taak Span het die geleentheid gehad om die ondergrondse eksplorasie dril werk te sien, wat tans gedoen word om die graad van die koper en sink erts te bevestig, waar Orion kyk om die produksie vorentoe te bring.



**PLAASLIKE DEELNAME:** Murray & Roberts boor operateur Bonwaphi Ishmael Jack (regs) saam met Belgritte Ncinitwa en Daniel Visser (van links), gewerf deur Murray & Roberts, wat onder die dertien gasheer gemeenskap lede is wat aan die spesialis ondergrondse boorwerk by Prieska werk.

Hulle was ook geopdateer oor Orion se planne om vroeë produksie te begin. Na die besoek het die Taak Span die ooreengekome aspirasie doelwitte bespreek en ooreengekom dat die term "gasheer gemeenskap" beteken die gebiede van die Siyathemba Plaaslike Munisipaliteit en Vanwyksvlei.

Daar is ook besluit dat potensiële plaaslike ondernemings in vier vlakke geklassifiseer sal word, afhangende van verskeie kriteria, insluitend of die aandeelhouers en direkteure in die gasheer gemeenskap woon of nie, as hulle arbeid uit die gasheer gemeenskappe werf en of die besigheid in die gemeenskappe gebaseer is. Die Taak Span besprekings is in 'n positiewe gees gehou met konstruktiewe insette wat van al die deelnemers ontvang is. Verdere vergaderings word oor die volgende twee maande beplan om die aankope, vaardigheid ontwikkeling en opleiding in meer besonderhede aan te pak.

## REGISTREER JOU BESIGHEID NOU!

Het jy 'n potensiële besigheid, diens of voorsiening van goedere wat ons projekte kan bevoordeel?

Registreer dan asseblief op ons verskaffer databasis op die Orion-webwerf by www.orionminerals.com.au/procurement-supplier-registration.

Neem asseblief kennis dat registrasie geen waarborg bied vir toekomstige besigheid met Orion nie. Orion Minerals sal ook van tyd tot tyd enige oop aankoop aansoeke op sy webwerf adverteer sodra dit beskikbaar word. Neem asseblief kennis dat om in aanmerking te kom om aansoek te doen vir enige oop RFQ's moet aansoekers op ons verskaffer databasis geregistreer wees. Indien jy enige navrae of hulp nodig het met die registrasie proses, e-pos asseblief: procurement@orionminerals.com.au.